

27 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 27:1-27 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 27:17

Vorm slypgroepe ...!

“Yster slyp yster, vriende vorm mekaar.” Hierdie spreukwoord spreek boekdele en tog is die betekenis daarvan heel eenvoudig. Die slypproses wat die Spreukeskrywer in gedagte het, is die skerpmaakproses van ’n swaard of ’n spies waarin die een yster die ander so vorm dat albei meer bruikbaar word (’n skerp spies en swaard beteken tog baie meer as ’n stomp een).

Die betekenis van die spreuk hou daarom verband met die positiewe invloed van een mens in ’n ander se lewe. In ’n goeie vriendskapsverhouding, waar daar ’n slyp- en vormingsproses plaasvind, vind vriende baat by mekaar. En opbouende gesprekke, positiewe kommentaar, geestelike beredenering en geloofsgefundeerde besluite, word alles deel van die skerpmaakproses tussen goeie vriende.

Hierdie voordelige verhoudinge behoort egter ook wyer te kring as net tussen vriende. Die gemeenskap van gelowiges, die kerk van die Here, is die ideale werkskamer vir hierdie slypproses, en daarom is doelbewuste geestelike gesprekke, opbouende Bybelstudies, effektiewe vergaderings en ander positiewe byeenkomste so belangrik. Gelowiges wat spontaan ander gelowiges se teenwoordigheid opsoek om ’n positiewe bydrae te maak, is kragtige instrumente in God se hand. So vorm God sy kerk en bou Hy sy Koninkryk op!

Die slypvonkies wat by die deur van die werkskamer uitspat, bring ook lig in die donker daarbuite. Die roeping van gelowiges is dus nie net om mekaar te vorm nie, maar ook om buite die kring van die kerk ’n positiewe invloed uit te oefen. Ons Here Jesus het nie teruggedeins en nie skaam gekry oor waar Hy gesien is en in wie se geselskap Hy was nie, want Hy het geweet sy teenwoordigheid in ’n mens se lewe, verander en vorm so ’n lewe vir altyd.

Daarom vra die teks ons om bietjie strategies te dink ... hoe en waar en wanneer kan ek betrokke raak en vriende maak met iemand, binne en buite die gemeente, wat gaan baatvind by my teenwoordigheid in hulle lewe! En dalk sien ek nie kans om die geleentheid op my eie aan te pak nie en moet ek kragte saamspaan met ander vriende om as ’n groep ’n positiewe bydrae in ander se lewe te maak!

Sing: Psalm 89:1, 3 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)